WILD & JAG April 08 2/29/08 10:18 AM Page 51

Renostervoëls – voordeel of nadeel?

'n Klip in die EKOBOS

Arnand le Roux

Gert Fourie

'n Pragtige voëltjie met 'n rooibek. 'n Voëltjie wat die harte vinniger laat klop … nie altyd om dieselfde redes nie.

Vir die voëlentoesias en natuurbewaarder is die teenwoordigheid van hierdie voëls 'n riem onder die hart, want dit dui op 'n ekosisteem wat na baie jare se misbruik weer besig is om te herstel.

Vir sommige wildboere en beesboere bring dit bekommernis en selfs woede wanneer hulle hierdie voëltjies naby kosbare diere sien.

Hoekom die bohaai? Doen die renostervoël skade of hou hy 'n voordeel vir die wildboer in? Is hierdie voëltjie dalk 'n barometer van die grondeienaar se ingesteldheid teenoor natuurbewaring? Verklap die teenwoordigheid of afwesigheid van hierdie voëls iets omtrent die toestand van die natuur op die boer se plaas?

Onlangs het verskeie boere die kundiges en natuurbewaarders versoek om die moontlike skade wat renostervoëls op hul grond aan diere aanrig, te ondersoek en is daar selfs versoek dat voëls verwyder word andersins sou daar self opgetree word.

In hierdie uitgawe word 'n paar menings oor die renostervoël ingewin. Ons paneel bestaan uit Arnaud le Roux, Operasie Renostervoël-projekbestuurder by die Trust vir Bedreigde Natuurlewe (EWT); Kobus Pienaar, hoof natuurbewaarder voëlmonitering in biodiversiteit by die Departement Omgewingsake; Dr John Williams, oud-rugbyspeler en wildboer naby Platjan; Johan Boshoff , medeeienaar en wildboer van die plaas Ratho; Johan de Kock, bestuurder van 'n 16 000 ha-wildplaas naby Marken; Tiffany Platum, navorser besig met haar PhD oor die verhouding tussen renostervoëls en hul gashere.

W&J: Beseer renostervoëltjies diere terwyl hulle op soek is na kos?

Johan de Kock: Sedert 1996 het ek al hoe meer voëls op die reservaat gesien en gedurende die afgelope vyf jaar was hulle baie volop en sien ek hulle gereeld op die wild. Ek kon nog nooit enige skade aan diere sien wat deur renostervoëls veroorsaak is nie.

Tiffany Platum: Gevalle is aangeteken waar renostervoëls wonde toedien aan diere, maar dit blyk dat die rede vir hierdie gedrag 'n onnatuurlike tekort aan hul primêre voedingsbron is, hoofsaaklik omdat te min bosluise beskikbaar is of omdat die regte spesies nie teenwoordig was nie.

Arnaud le Roux: Renostervoëls behoort aan die spreeufamilie. Ek het die rooibekrenostervoël al baie hanteer. Dit is opvallend dat hulle 'n bekkie het wat gespesialiseer is om deur die hare te kam en nie sterk genoeg is om groot wonde te veroorsaak nie. Ek glo dit is omdat hulle aangepas is om die nimfstadium van die bosluis te verwyder deur 'n dier se hare met hul snawel te kam. Geelrenostervoëls is bietjie meer aggressief. Al die gevalle waarvan ek weet, is waar voëls 'n wond wat reeds daar was, benut, asook enkele gevalle waar klein beeskalwers met dun velle en veral diere met 'n pigmentprobleem beseer was. In die natuur sou swakker diere met 'n pigmentprobleem of diere wat in 'n swak kondisie is en hoë bosluisgetalle het, makliker beseer word.

Kobus Pienaar: Ek is 'n fotografie-entoesias en het al baie tyd bestee om hierdie voëls dop te hou. Ek het foto's waar renostervoëls klein kalfies beseer het (veral met pigmentprobleem) maar het geen gevalle gesien waar selfs klein wild deur renostervoëls beseer is nie.

Dr Williams: Ek moes al self van voëls ontslae raak weens skade aan beeste, maar het nog nie skade op wild waargeneem nie.

Johan Boshoff: Ek het gevalle gehad waar groot gate in beeskal wers gevreet is. Soms lyk dit of hulle hul koppe verloor as hulle 'n kalf beetpak. Ek het egter nog nie 'n probleem op my wild waargeneem nie.

W&J: Behoort hierdie voëls bewaar te word en het hulle enige rol te speel op die wildboer se plaas?

Johan de Kock: Renostervoëls het vir seker 'n rol gespeel in die beheer van parasiete op ons wild en het 'n belangrike rol in die natuur.

Vervolg op bladsy 53 ↔

WILD & JAG April 08 2/29/08 10:18 AM Page 53

Vervolg vanaf bladsy 51

EKOBOS

Arnaud le Roux: Afgesien van die belangrike rol om diere skoon te hou van ektoparasiete, speel die renostervoël al vir etlike eeue 'n belangrike rol om wonde sekondêr skoon te maak van bindweefsel, rowe en spykerwurms en sodoende met die natuurlike genesing van die wond te help.

Wild word in sommige gevalle totaal oordip op wildplase. Om kommersiële redes is daar baie diere wat op wildplase deur dipmiddels lewendig gehou word. Hierdie diere is veronderstel om in die natuur deur natuurlike seleksie verwyder te word. Gee die renostervoëls kans om hul rol in die natuur te vervul. Deur minder te dip, gaan gesonde diere skoongehou word en as 'n genetiese swakker dier benadeel word deur die renostervoël wat dit verwond, is dit tot voordeel van die natuur.

Kobus Pienaar: Die wildboer se gesindheid kom na vore wanneer dit by renostervoëls en ander potensiële probleemdiere kom. Is daar 'n totale onverdraagsaamheid, dan dui dit op 'n boer wat net kommersieel dink en nie biodiversiteit en bewaring op die hart dra nie. Natuurlik reik ons permitte uit vir die translokasie van voëls waar daar tekens is van 'n oorpopulasie. Een van ons doelwitte is immers om 'n balans in biodiversiteit te handhaaf. Natuurlik moet renostervoëls ten alle koste bewaar word. Verder het ek geen twyfel dat die renostervoël in 'n gesonde ekosisteem, waar dit parasietbeheer toepas, tot voordeel van die wildboer is.

Dr Williams: Ek glo dat meer navorsing nodig is en dat hierdie voëls wel 'n rol in die wildbedryf kan speel. Ek glo die Skepper het hulle daargestel om 'n rol te speel in die natuur.

Anonieme boer: Die groenes en bewaringsmense verstaan nie ons probleem nie. Ons is voëlliefhebbers, maar moet 'n lewe maak uit die boerdery.

Gert Fourie se kommentaar:

Balans. Of dit nou is hoeveel tyd jy by die werk bestee, hoeveel jy eet, of tot watter mate jou wildplaas vir jou 'n inkomste moet genereer – baie gevalle is die middeweg die beste weg.

Sou my fokus net op produksie en inkomste uit die wildplaas wees, gaan bewaring van die natuur dalk daaronder ly ... ek sal elke plant op die plaas wat giftig is of nie deur wild benut kan word nie, uitroei. Ek sal elektriese heinings span en 'n duit voel vir 'n klein diertjie wat in die proses gedood word. Ek sal elke potensiële roofdier of dier wat skade kan veroorsaak, uitroei.

Die teenoorgestelde is ook waar. Was die hele wildbedryf net op bewaring ingestel, sonder enige geldelike voordele of ingesteldheid op produksie, is die kans groot dat dit nie so 'n groot en groeiende bedryf en gewilde internasionale jagbestemming sou gewees het nie.

Balans. Ek glo die wildboer kan tot albei hierdie aspekte bydra. Die wildboer kan sy of haar grond en wild optimaal bestuur om sodoende 'n redelik goeie inkomste daaruit te realiseer. Die wildboer behoort egter ook 'n passie vir die natuur in geheel te hê, daarna te streef om werklik 'n natuurlike erfenis vir die volgende geslagte na te laat, en soms die prys daarvoor te betaal.

Dit mag wees dat die wildboer dalk 'n persentasie van sy lammers aan roofdiere moet afstaan of soms 'n swakker dier moet prysgee wat in die natuur in elk geval sou vrek – ter wille van die groter prentjie. Selfs "bewaring deur benutting" (ons geliefde spreekwoord) het ook beperkings – dit sal gebeur dat die wildboer 'n spesie moet bewaar wat geen nut vir hom het nie, bloot omdat sy ingesteldheid reg is en hy die groter prentjie ook raaksien.

Vir navrae: Skakel Gert of Nanette Fourie (Ekofocus) by 082 9295277 of epos na info@ekofocus.co.za